**Skriflesing: Johannes 4 vers 1 tot 41**
**Tema: Geen Lewende Water-beperkings**

Groot dele van ons land was in die greep van die ergste droogte in mense heugenis. Sommige dele, waaronder onsself en die Wes-Kaap, is steeds in die greep van ernstige droogte. Daarom het ons waterbeperkings. Oor dele van die land het die Here reën gestuur. Hy laat Sy reën val oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.(Matteus 5 vers 45) Sy reën het riviere laat loop, damme laat vol word en nuwe lewe en groei bewerk.

Ons elkeen se geestelike lewens was ook eens in sondedroogte vasgevang. Jesus loop Hom vas teen 'n Samaritaanse vrou wie se lewe vol sonde- en geestelike droogte was.

Jesus was saam met Sy dissipels op pad van Judea noordwaarts deur Galilea. Die Jode het Samaria vermy. Hulle het met 'n ompad na Galilea gereis. Waarom doen hulle dit? Toe Israel, met Samaria as hoofstad, deur Assirië verower is, is talle Israeliete in ballingskap na Assirië weggevoer. Assiriërs is in Israel gevestig om grond te bewerk en vir vrede te sorg. Grootskaalse ondertrouery tussen die mense van Samaria en die Assiriërs het plaasgevind. Die Jode van Juda, die suidelike ryk, het hierdie mense as 'n onsuiwer groep beskou. Hulle het, volgens hulle, verbaster. Die Jode het hulle gehaat omdat hulle hulle volk en godsdiens verraai het. Die woord Samaritaan is as 'n skelwoord gebruik. Toe die Jode uit ballingskap terugkeer en die tempel in Jerusalem herbou, het hulle die Samaritane se hulp geweier. Die Samaritane het toe hulle eie tempel gebou op die Gerisimberg waar Abraham, volgens oorlewering, vir Isak sou moes gaan offer.

As Jood assosieer jy jou nie met die Samaritane nie. Jy praat nie met hulle nie. Jy trek nie eens deur hulle gebied nie, wat nog te sê oorbly. Kontak met die hulle sou vir jou onrein maak.

Jesus vat kortpad deur Samaria. Langs die pad word Hy moeg en Sy dissipels word honger. Hy gaan sit by die fontein van Jakob, aan ons beter bekend as 'n put buite die stad Sigar. Jesus doen 'n baie ongehoorde ding. Hy knoop 'n gesprek met 'n Samaritaanse vrou aan. Dit is net nie gedoen nie! Volgens Joodse tradisie sou 'n rabbi in die openbaar nie eens met eie vrou, dogter of suster praat nie. Die feit dat die vrou om 12 uur by die put buite die dorp is, is 'n duidelike aanduiding dat hier iets nie pluis is nie. Water is in die oggend en aand gehaal. Hierdie vrou wil die ander vroue vermy. Haar reputasie was onder verdenking. Sy het 5 mans gehad. Vrouens in hierdie tyd was 'n gebruiks-artikel. As jou man wou skei, het hy dit gedoen en jy is weerloos gelaat. Dit kan ook wees dat van die vrou se vorige mans dood is en hul broers dan met haar getrou het. Sy was nie getroud met die man by wie sy nou was nie. Ons weet nie presies wat in hierdie vrou se verlede gebeur het nie. Wat ons wel weet, is dat sy al baie seergekry het. Sy was weerloos en uitgestoot.

Jesus vra vir haar of sy nie vir Hom wil water gee nie. Dadelik heers hier 'n gespanne admosfeer. Die vrou reageer vyandig. Sy is nie op haar mond geval nie. In Johannes 4 vers 9 hoor mens die minagting deurslaan. So asof sy vra: "Wat wil jy nou eintlik hê? Julle dink mos julle is te goed vir ons en nou staan jy en praatjies aanknoop."

Die vrou se houding spreek van meerderwaardige parmantigheid. Sy is uit die geslag van Jakob en staan op die erfgrond van haar voorvaders. Wat is hierdie dors Jood se storie? Wat wil hy eintlik hê? Die Samaritaanse vrou, om dit lig te stel, hou nie van die Jood nie.

In Johannes 4 vers 10 lees ons hoe Jesus die gesprek in 'n ander rigting stuur: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink', sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het." Nou verstaan sy glad nie, maar weereens is sy nie op haar mond geval nie. Ewe snipperig kom haar antwoord in vers 11-12: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?" Die put is 32 meter diep. Hoe gaan hierdie Jood water uit die put kry?

Sy bly neerhalend. Hierdie is nie die tipe gesprek waaraan sy behoefte het nie. As Jesus vir haar sê dat elkeen wat drink van die water wat Hy gee, nooit weer dors sal kry nie, verstaan sy dit letterlik en sê sy baie sarkasties in vers Johannes 4 vers 15: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."

Weer stuur Jesus gesprek in ander rigting in Johannes 4 vers 16: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen." Sy antwoord: "Ek het nie 'n man nie." En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie. Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat."

Iets kom los in hierdie vrou. Sy besef dat Jesus 'n profeet moet wees. Hy het haar nie ontmoet nie, tog weet Hy alles van haar af. Sy laat Hom steeds nie toe om geestelik naby aan haar te kom nie.
Sy stuur die gesprek in 'n ander rigting. Sy is bang vir 'n diep geestelike gesprek. Sy vra: "Wie aanbid eintlik op die regte plek?" Jesus antwoord: Die plek is nie belangrik nie. Jy kan op enige plek met God praat. Wat belangrik is, is dat jy bid in geloof in Jesus Christus as Verlosser, gelei deur die Heilige Gees en in die waarheid van die Woord.

Nog is die vrou se blus nie uit nie. Die Samaritane ken die eerste 5 boeke van die Bybel. Sy weet van die Messias wat kom. Sy vra: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."
Hierop antwoord Jesus: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."
Wanneer die dissipels terugkom, sien hulle dat daar iets in die vrou se lewe gebeur het. Wanneer reën op 'n droë stuk aarde val, bring dit nuwe lewe. Haar ontmoeting met Jesus is lewensveranderend.

Sy hou nie die die lewende water vir haarself nie. Sy gaan deel die goeie nuus wat sy gehoor het, uit. Water wat staan, word vrot. Water moet vloei om bruikbaar te bly. Dieselfde is waar vir die lewende water. As die goeie nuus van Jesus net by ons stop, dien dit geen doel nie. Hy maak ons lewens altyd oorvol van sy verlsossing, genade en liefde sodat dit kan uitvloei na ander en nuwe lewe bring.

Die Samaritaanse vrou los die waterkruik, dit waarvoor sy eintlik gekom het, net daar. Sy gaan sê vir die mense van die dorp, hulle vir wie sy nie in die oë wou kyk nie in Johannes 4 vers 29: "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?"
Baie van die inwoners van die dorp kom tot geloof op grond van die getuienis van die Samaritaanse vrou.

Op grond van die vrou se getuienis gaan van die Samaritane na Jesus toe en 'n die tweede ongehoorde ding van die dag gebeur. Grense word oorgesteek. Die Samaritane het by Jesus, wat 'n Jood was, aangedring dat Hy by hulle bly. En Hy het vir 2 dae by hulle oorgebly. Baie meer van die inwoners kom tot geloof op grond van wat hulle self van Hom gehoor het. Hulle het bely: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is."

Ook ons lewens was droog en dor van sonde. Toe het Jesus Sy lewende water oor ons lewens uitgestort. Dit het ons skoon gewas en nuwe geestelike lewe in ons gewerk. Ons lewens het gegroei en lewe en rigting gekry. Maar Jesus maak nooit ons lewens net vol van Sy lewende water nie. Hy maak ons lewens oorvol. Ons is God se fontein van liefde wat uitvloei na die ganse wêreld.

Ons is God se getuies. Ons mag nie, soos die dissipels, mense soos die Samaritaanse vrou vermy nie. Sy stroom van redding moet deur ons woorde en dade vloei na mekaar en na 'n wêreld vol van mense wat seergekry het en weerloos is. Lewende Water moet uit ons uitvloei na veragtes en uitgestotenes wat nog besig is om in sondedors te sterf.
Ons is God se fontein van liefde. By God is geen Lewende Water-beperkings nie. Daarom is daar by ons as Sy kerk geen Lewende Water-beperkings nie.
**Amen**